

Ek is jou deel en jou erfenis (OP51)

Num 18:1-13, 20-29

1 Augustus 2021

Laasweek het ons stil gestaan by Num 17 en die kerie van Aäron wat gebot het. Dit was 'n derde bevestiging van die feit dat die Here Aäron as hoëpriester aangewys het. Die vorige twee bevestigings was in Num 16 na die opstand van Korag, Datan en Abiram: toe is die altaar met die koper van die vuurpanne van die opstandiges oorgetrek as 'n herinneringsteken, en Aäron het tussen die lewendes en dooies gaan staan en versoening bewerk vir die volk tydens die plaag wat die Here gestuur het. Nou kom ons by Num 18, en soos wat ons al vantevore gesien het, is die inhoud ietwat onverwags – skielik is die hoofstuk gevul met detail oor die pligte van die priesters en Leviëte, en ook met detail oor die offergawes waarvan die priesters en Leviëte moes leef. Hoe pas dit in by die voorafgaande gebeure?

In Num 16 het beide Korag en die volk die gesag van Aäron bevraagteken. Die Here het baie duidelik aan hulle gewys dat juis Aäron sy keuse is as hoëpriester, en dat hulle moet ophou om na Aäron se posisie te smag. Teen die einde van Num 17 is hulle mismoedig en voel dat hulle dus nie by die tabernakel kan uitkom nie, en dus dat dit hulle einde beteken. In Num 18 reageer die Here hierop.

Kom ons som die inhoud van Num 18 op.

Inhoud van Num 18:1-32

In vers 1-7 kry ons 'n beskrywing van die ampspligte van Aäron, die priesters en die Leviëte. Volgens vers 1 is Aäron, sy seuns (d.w.s. die priesters) en sy stam (OAV: sy huis, waarskynlik die Leviëte) verantwoordelik vir enige oortredings wat plaasvind teen die heiligdom. Dit beteken dat hulle verantwoordelik gehou word as daar enige oortredings sou plaasvind by die tabernakel en alles wat daar moet gebeur. Verder is Aäron en sy seuns verantwoordelik vir enige oortredings rakende die priesteramp – dit maak sin, siende dat hulle die priesteramp beklee het. Wat die Here aan die volk kommunikeer is die volgende: Hulle was jaloers op Aäron en die priesters. Maar wat hulle moet verstaan is dat die posisies van die hoëpriester en priesters gaan hand aan hand met 'n groot verantwoordelikheid – die Here hou hulle verantwoordelik vir enigiets wat verkeerd loop by die heiligdom of met die priesteramp.

In verse 2-7 verduidelik die Here dat die priesters alleen verantwoordelik is vir al die werk agter die voorhangsel (dus in die Heilige en Allerheiligste), asook vir die offerwerk by die altaar. Selfs nie die Leviëte mog enige van hierdie werk verrig nie. Hulle was bloot 'n hulp vir die priesters, byvoorbeeld in die voorbereiding van die offers. Maar net die priesters mag die offergereedskap hanteer en dus die offers bring. As die Leviëte hulle hieraan vergryp, sou beide die Leviëte en die priesters sterf. Die Here was dus baie streng daarvoor dat elkeen homself moes beperk tot die rol wat aan Hom toegeken is. Dit is opvallend dat die Here in vers 6 sê die Leviëte is sy geskenk aan die priesters om hulle te help in die uitvoer van hulle pligte, en boonop sê Hy in vers 7 dat die priesterskap ook sy geskenk aan die priesters was. Beide rolle is 'n voorreg wat as geskenk gegee is, maar beide rolle het groot verantwoordelikhede gehad wat nougeset uitgevoer moes word.

In vers 8-19 kry ons 'n beskrywing van hoe die Here voorsiening maak vir die onderhoud van die priesters. Ek som dit kortliks op. Daar word onderskeid gemaak tussen besondere gewyde gawes en gewyde gawes. Besondere gewyde gawes is die gawes waarvan 'n deel geneem is en verbrand is as direkte offer aan die Here. Dit sluit offers soos die graanoffer, sondeoffer en skuldoffer in. Die deel van hierdie offers wat nie verbrand is nie, was vir gebruik deur die priesters – maar net die mans

mog daarvan eet. Al die ander gawes wat as gewyde offers gebring is (dink hier aan beweegoffers, selfs banoffers) was ook vir gebruik deur die priesters, maar dit kon deur almal in hulle huise wat rein is, geëet word, insluitende hulle dogters. Dit was ook waar van die eerste opbrengs uit die oes, asook van die eersgeborenes van mense en diere. Menslike eersgeborenes sowel as die eersgeborenes van onrein diere is losgekoop teen 'n sekere prys, terwyl die eersgeborenes van rein diere (beeste, skape en bokke) aan die Here geoffer moes word, en die oorblywende dele daarvan wat nie verbrand is nie, was dus ook vir die priesters.

In vers 20 verduidelik die Here aan Aäron hoekom die priesters hierdie offergawes mag ontvang: omrede hulle nie in die beloofde land 'n deel van die land sal ontvang nie. Hulle ontvang dus hierdie offergawes as middele waarvan hulle kan lewe. Verder sê die Here vir Aäron: "Ek is jou deel en jou erfenis onder die kinders van Israel" (OAV). Ons kom later hiernatoe terug.

In verse 21-24 gee die Here voorskrifte rakende die versorging van die Leviëte. Die Leviëte moes versorg word vanuit die tiendes wat die volk as offergawes bring. Die rede hiervoor is soortgelyk aan die geval van die priesters – die Leviëte gaan ook nie 'n deel van die beloofde land as besitting ontvang nie, en daarom is hulle geregtig op die tiendes wat die volk bring. In vers 25-32 maak die Here dit egter ook duidelik dat Hy van die Leviëte verwag dat hulle op hulle beurt weer 'n tiende van wat hulle ontvang uit die tiendes van die volk, na Aäron, en dus na die Here sal bring. Hierdie tiende moes die beste deel wees van wat hulle ontvang.

Opsommend: As die volk jaloers is op die priesters en die Leviëte, reageer die Here daarop deur vir die volk te verduidelik dat hulle hulle nie net moet blind staar teen die voorregte wat die priesters en die Leviëte het nie. Ja, dit is so, hulle mag in die tabernakel diens doen, terwyl die volk nie mag nie. Maar die volk moes ook onthou, dat selfs die werk wat die Leviëte mog verrig, beperk was – daar was sekere werk wat selfs hulle nie mog doen nie, wat net die priesters mog doen. Daar was ook werk wat selfs net die hoëpriester mog doen, en nie eens die ander priesters nie. Ja, dit is ook so, dat die priesters mog leef van die offergawes wat die volk moes bring, en die Leviëte mog leef van die tiendes wat hulle moes bring. Maar die volk moes ook onthou, die rol van priesters en Leviëte het verantwoordelikhede ingehou. Hulle is deur die Here verantwoordelik gehou vir enige misstap – en daar was die gevaar dat hulle met hulle lewens daarvoor sou moes betaal. Boonop, moes hulle ook onthou nóg die priesters nóg die Leviëte sou 'n deel van die beloofde land ontvang – en daarom het dit sin gemaak dat hulle uit die gawes wat die volk bring, moes leef. Wat egter ook waar was, was dat hulle deel en hulle erfenis die Here self was.

Implikasies vir ons

Kom ons dink oor wat die implikasies is van wat ons hier lees, en terselfdertyd kyk ons ook na wat die Nuwe Testament ons hieroor leer.

As ons oor die implikasies vir onself dink, moet ons onthou dat elk van hierdie Ou Testamentiese tipes 'n antitipe het in die Nuwe Testament. Ons het al dikwels die opmerking gemaak dat Aäron as Ou Testamentiese hoëpriester 'n tipe was van Jesus, wat die Ware Hoëpriester is (Heb 5:5). Wat van die Ou Testamentiese priesters? In 1 Pet 2:5 en 9 word die gelowiges beskryf as 'n heilige priesterdom en 'n koninklike priesterdom. Die priesters is dus 'n tipe van die gelowiges in die Nuwe Testament. Wat van die Ou Testamentiese Leviëte? In Num 3:11 het ons gelees dat die Here die Leviëte uit die volk geneem het in die plek van die eersgeborenes. Die eersgeborenes was aan die Here gewy omrede die Here die eersgeborenes van die volk gespaar het tydens die tiende plaag toe al die eersgeborenes van Egipte gesterf het. In Heb 12:23 word die gelowiges die "vergadering van eersgeborenes" genoem. Die Leviëte is dus ook 'n tipe van die gelowiges in die Nuwe Testament.

Ek wil die implikasies van hierdie hoofstuk bespreek onder 3 punte: (1) Verantwoordelikheid – na aanleiding van die feit dat die Here sekere verantwoordelikhede aan die priesters en Leviëte gegee het, (2) Voorsiening – na aanleiding van die feit dat die Here aan die behoeftes van die priesters en Leviëte voorsien het, en (3) Beloning – na aanleiding van die feit dat die Here aan Aäron gesê het Hy is Aäron se deel en erfenis.

(1) Verantwoordelikheid

In Num 18 maak die Here baie duidelik onderskeid tussen die verantwoordelikhede van die priesters en die Leviëte: net die priesters mag die dienswerk agter die voorhangsel verrig, en net hulle mag die offergereedskap hanteer en dus offers bring. Daarteenoor was die Leviëte se rol beperk tot 'n hulp vir die priesters. Ons weet egter ook dat daar 'n onderskeid was tussen die hoëpriester en die ander priesters. Dink maar aan die Groot Versoendag – dit was net die hoëpriester wat in die Allerheiligste mog gaan om die bloed op die versoendeksel en voor die verbondsark te sprinkel. Maar die Here het die hoëpriester en priesters verantwoordelik gehou vir enige oortredings teen die priesteramp, en Hy het hulle saam met die Leviëte verantwoordelik gehou vir enige oortreding teen die tabernakel.

Nou: As Aäron, as hoëpriester, 'n tipe was van Jesus, die ware Hoëpriester, beteken dit die Here hou Jesus verantwoordelik vir enige oortreding teen die priesteramp en die heiligdom. Verder, as die priesters 'n tipe is van die gelowiges, en die heiligdom van die gemeenskap van gelowiges, dan moet dit beteken dat die Here Jesus verantwoordelik hou vir enige oortreding deur die gelowiges en enige oortreding in die gemeenskap van die gelowiges. Is dit in lyn met wat ons in die Nuwe Testament leer? Lees Heb 10:7-10. Ongelukkig is daar oortredings deur gelowiges en in die gemeenskap van gelowiges. Wat ons nou hier lees is dat die Ou Testamentiese offers nie werklik hiervoor versoening kon doen nie. Maar die Here hou die ware Hoëpriester verantwoordelik – soveel so dat Jesus Sy eie liggaam as offer gebring het en daardeur eens en vir altyd versoening gedoen het vir hierdie sondes. Let op wat vers 7 sê: dit was spesifiek die rede hoekom Hy gekom het, en dit was ook juis die wil van die Vader – want, die Vader het Hom verantwoordelik gehou. In Num 18 lees ons dat die priesters en Leviëte sou sterf as daar oortredings was – wel, die Vader het verwag dat die ware Hoëpriester Sy verantwoordelikheid sou nakom deur met Sy lewe te betaal vir die sondes van die gelowiges. Was dit maar 'n ligtelike saak vir Jesus om te kom doen? Gaan lees maar weer in Mat 26 hoe Jesus in Getsemane geworstel het of die lydenskoper nie maar by Hom verby kan gaan sonder dat Hy dit drink nie, maar die Vader het duidelik gemaak Hy hou Jesus verantwoordelik, en dus moet Hy die beker drink.

Maar in die proses het Jesus nie net versoening gedoen vir die sondes van die gelowiges nie. Lees Heb 10:19. Jesus het boonop vir die gelowiges 'n weg berei om tot die heiligdom toe te tree. Onthou dit was juis die mismoedigheid van die volk in Num 17:13: “Elkeen wat maar net naby die tabernakel van die Here kom, sal sterwe. Is dit dan heeltemal klaar met ons?” Nee! A.g.v. Jesus se offer kan gelowiges kom – selfs met vrymoedigheid. Die ware Hoëpriester is deur die Here verantwoordelik gehou vir hulle oortredings, en Hy het eens en vir altyd daarvoor versoening gedoen.

Maar wat is dan nou die verantwoordelikheid van die gelowiges? Ons sê die Ou Testamentiese priesters en Leviëte was tipes van die Nuwe Testamentiese gelowiges. In die Ou Testament moes die priesters die offerdiens en die diens agter die voorhangsel verrig, en die Leviëte was vir hulle tot hulp. Maar ons het sopas gelees in Heb 10:9 dat Jesus die bring van offers afgeskaf het. Beteken dit dat die gelowiges nou geen verantwoordelikheid meer het nie? Lees Heb 10:19-25. Hier is dit duidelik dat die gelowiges steeds 'n groot verantwoordelikheid het. Hulle bring steeds offers, maar dit is offers van 'n ander aard. Vers 22, 23, 24 en 25 begin telkens met die woorde: “Laat ons...” (Vers 25 in die NAV het dit weg vertaal). Wat is die dinge waarop die gelowiges nou moet fokus?

- Vers 22: Hulle moet tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. Onthou hoe die volk gekla het dat hulle sal sterf as hulle na die tabernakel sou kom. Maar, a.g.v. die werk van die ware Hoëpriester móét hulle nou kom – met geloofsekerheid!
- Vers 23: Hulle moet styf vashou aan die hoop wat hulle bely. Ons kom hiernatoe terug.
- Vers 24: Hulle moet mekaar aanspoor tot liefde en goeie dae. Ons kom hiernatoe terug.
- Vers 25: Hulle moet mekaar aanmoedig om die byeenkomste van die gemeente op te soek. Ons kom ook hiernatoe terug.

(2) Voorsiening

Uit Num 18 is dit duidelik dat die tabernakeldiens vir die Here belangrik was. Aan die een kant het Hy die mense voorsien om hierdie diens te verrig: Hy het die hoëpriester, priesters en Leviëte gegee. Maar Hy het ook meer as dit voorsien: Hy het voorsiening gemaak deurdat dit die volk verantwoordelikheid was om offers en tiendes te bring. Die offers is enersyds aan die Here geoffer, en andersyds was dit daar om aan die behoeftes van die priesters te voldoen. Die tiendes was daar om aan die behoeftes van die Leviëte te voldoen. Die Here het dus mense en middele voorsien.

Wat is nou die situasie in die Nuwe Testament? Voorsien die Here steeds mense en middele? Kom ons dink eers oor die mense. Het ons steeds priesters en Leviëte? Wel, ons het vroeër gesien die priesters en Leviëte was tipes van die gelowiges. Ons het dus nie streng gesproke meer die onderskeid tussen priesters en Leviëte nie. Maar ons het wel 'n verskeidenheid van mense in die gemeenskap van die gelowiges. Lees Ef 4:11-13. Hier word apostels, profete, evangeliste, herders en leraars genoem. Is dit 'n volledige lys? Nie noodwendig nie, jy sou na 1 Kor 12:7-11 kon blaai dan word daar nog verskillende gawes genoem. Die belangrike punt is egter wat vers 12 leer: die doel met hierdie verskillende mense is sodat die gelowiges toegerus kan wees vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. Vir watter diens is dit wat die gelowiges toegerus moet word? Wel, een manier om daarna te kyk is daardie verantwoordelikhede waarvan ons sopas in Heb 10:22-25 gelees het:

- Hulle het leiers nodig om vir hulle te preek en hulle te leer dat hulle wel tot God mag nader op grond van die werk van die Hoëpriester, en dus met geloofsekerheid en 'n opregte hart.
- Hulle het leiers nodig om hulle te leer van die hoop wat hulle het, en hoe om styf vas te hou.
- Hulle moet mekaar aanspoor tot liefde en goeie dae – daarom is daar 'n verskeidenheid van gawes in die gemeente sodat hulle mekaar werklik kan ondersteun en aanspoor.
- Hulle moet mekaar aanspoor om samekomste van die gemeente by te woon – dit is in hierdie byeenkomste dat hulle hulle oefen om tot God te nader en waar hulle leer van die hoop waaraan hulle moet vashou.

Die Here voorsien dus mense om die gelowiges toe te rus vir hulle diens. Maar wat van middele? Die volk moes offers en tiendes bring vir die offerdiens in die tabernakel en waarvan die Leviëte en priesters kon leef. Wel, gelowiges het steeds die verantwoordelikheid om ook middele te voorsien vir die gemeente. Enersyds is daar die verantwoordelikheid om te voorsien in die behoeftes van voltydse bedienaars. Lees 1 Kor 9:13-14. Dit is so dat Paulus gekies het om nie gebruik te maak hiervan nie, maar in beginsel is dit die verantwoordelikheid van die gemeente. Maar daar is ook middele nodig vir ander redes, soos hulpverlening. Lees 2 Kor 8:1-5. Die gemeente in Masedonië het uit eie motivering aangedring daarop dat hulle hulp wil verleen aan die gelowiges in Judea.

God voorsien dus mense met verskillende gawes, asook fisiese middele, sodat die gemeenskap van gelowiges die verantwoordelikhede kan nakom wat die Here van hulle verwag.

(3) Beloning

In Num 18 sê die Here dat die priesters en Leviëte nie 'n deel van die land as besitting sal ontvang nie. Hy sê ook vir Aäron dat die Here sy deel en erfenis sal wees. Wat moet ons hiervan maak in die Nuwe Testament? Kom ons kyk eers na Jesus as die ware Hoëpriester. Lees Heb 12:2. In hierdie vers is dit duidelik dat Jesus Sy motivering gevind het vir Sy vernedering deur verder te kyk as die kruis. Hy het verby die kruis gekyk na die vreugde wat daarop sou volg, en daarom het Hy die skande van die kruis verduur. Een van die dinge wat Hy gesien het en wat aan Hom vreugde verskaf het is die feit dat Hy dan aan die regterkant van die troon van God sou sit. Fil 2:5-11 het 'n soortgelyke boodskap: Jesus was bereid om Homself te veneder deur mens te word en selfs tot die dood aan die kruis, sodat elke knie sal buig en elke tong bely dat Hy die Christus is – en dit alles tot eer van God die Vader! Aäron moes verder as die beloofde land kyk – Hy moes sien die Here is Sy deel en erfenis. Netso het Jesus verder gekyk as om net versoening te bewerk vir gelowiges – Hy het gekyk tot waar Hy aan die regterhand van die Vader sit, hoe Sy eenmalige offer gaan meewerk dat elke tong bely en elke knie sal buig – en dit alles tot eer van Sy Vader. In Joh 17:1 bid Hy dat die Vader Hom sal verheerlik, sodat Hy die Vader kan verheerlik. Hy wil in heerlijkheid by Sy Vader wees – dit is Sy loon, dit is Sy deel, Sy erfenis waarna Hy smag en waarvoor Hy bereid was om verneder te word tot in die dood aan die kruis.

Maar wat is nou ons as gelowiges se erfenis? Ons weet die priesters en Leviëte het nie 'n deel van die beloofde land ontvang nie. Ja, hulle het in die beloofde land gaan woon, maar dit was nie hulle besitting nie. Nee, i.p.v. om 'n deel van die land te ontvang as besitting, ontvang hulle offers of tiendes. Wat is ons erfenis wat ons kan verwag, en waaraan Heb 10 sê ons styf moet vashou? Is die nuwe hemel en aarde nie die ekwivalent van die beloofde land nie? Wat vertel Op 21 en 22 ons hiervan? Wel, in die eerste plek daal die Nuwe Jerusalem neer na die nuwe hemel en nuwe aarde. Wie is die Nuwe Jerusalem? Dit is die bruid – dus die gelowiges, die ekwivalent van die Ou Testamentiese priesters en Leviëte. Sien jy, ons kom woon ook in die Nuwe Testamentiese beloofde land. Maar as jy na die detail van die Nuwe Jerusalem kyk, dan sien jy die volgende: Die stad het die heerlijkheid van God en die Lam. Die Lam is sy lamp. Die stad het twaalf poorte – maar Jesus is die poorte. Die stad het twaalf fundamente met die name van die apostels daarop – maar hulle het juis van Jesus geleer dat Hy die fondament van die kerk is. Die tempel van die stad is God en die Lam. In die stad is die troon van God en die Lam, en die gelowiges sal Hom sien. Sien jy die punt? Ja, ons erfenis is in die beloofde land, is op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Maar dis nie die hoofokus nie. Die fokus van die Nuwe Jerusalem, van die Bruid, is God en die Lam. Hoor jy wat die Here vir Aäron gesê het: “Ek is jou deel en jou erfenis”.

Kan ek jou weer 'n keer herinner aan Joh 17:21-22: “Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees.... Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees netsoos Ons een is”.

Die priesters en Leviëte het gawes ontvang wat hulle moes gebruik in diens van die Here op pad na en selfs in die beloofde land. Dink weer aan ons verantwoordelikhede volgens Heb 10. Verstaan jy hoe heerlijk daardie hoop/erfenis is waaraan ons moet vashou? Verstaan jy die inhoud van daardie erfenis is intieme gemeenskap met die Here? Verstaan jy die noodsaak om met 'n opregte hart en in geloofsekerheid te kom? Verstaan jy hoekom ons mekaar moet aanspoor in liefde en goeie dade? Verstaan jy dat die byeenkomste van die gemeente voorsmaak is van hierdie heerlike erfenis en dat ek dit dus alreeds gereeld moet gebruik? Verstaan jy hoekom die Here vir ons mense gee met verskillende gawes om ons te help op pad soontoe? Verstaan jy hoekom Hy vir ons die nodige middele gee? Want, sien, ons erfenis is meer as net die beloofde land, dit is meer as die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Die Here is ons deel en ons erfenis!